



Een, twee, drie sakke

Skouersakke met een band is weer mode. Met ons maklike patrone kan jy dit self hekel of maak.

Deur Riana van der Merwe

HEKELAFKORTINGS

beg – begin
dsl – dubbelslagsteek
gs – glipsteek
herh – herhaal
kb – kortbeen
ks – kettingsteek
lb – langbeen
sk(e) – skulp(e), 3 dsl in dieselfde steek, of in spasie tussen ste
ste – steke
tes – tesame
vermeer – vermeerder
vermin – verminder
vlg – volgende

Roomkleurige sak MATE

Sakgedeelte is sowat 32 cm lank en 34 cm breed, handvat-sel is 76 cm lank.

BENODIGDHEDE

Coats tobacco twine (500 g keëls), sowat 250 g roomkleur; hekelpen van 3,00 mm of om by jou werk te pas.

SPANNING

18 lb en 10 rye = 10 x 10 cm

SAK

Beg met 65 ks.

1e rondte: 1lb in 4e ks vanaf hekelpen, 1lb in elke ks tot einde, draai werk om, hekel 1lb in dieselfde st as laaste gemaakte lb, en hekel terug oor basis-ks met nog 62lb, gs in bopunt van 3e beg-ks, om rondte te sluit – 125lb in rondte.

Hekel nog 10 rondtes lb, beg elke rondte met 3ks en sluit met gs in 3e beg-ks.

1e sierrondte: 4ks (vir 1e dsl), nog 2dsl in dieselfde st, *slaan

2 ste oor, 3dsl-sk in vlg st*; herh van * tot * rondom – 41 3dsl-ske.

2e sierrondte: gs oor 1e 3 ste, 4ks plus 2dsl tussen vlg 2 ske, *3dsl-ske tussen daaropvlg 2 ske*; herh van * tot * rondom. Hekel nog 8 sulke skulp-rondtes, dus 10 sk-rondtes altesaam. Keer terug na lb en hekel 6 rondtes lb met lb in elke st van vorige rondte, dus 125 lb per rondte. Merk laaste rondte in 2 gelyke dele, merk dan 32-30-32-30 ste hierop.

****Handvatsel:** hekel op vlg 30 ste in rye, *3ks plus 2lb tes afgewerk, lb tot einde, draai*; herh van * tot * tot 8lb oorbly. Hekel 20 rye sonder vorming op dié 8lb en knip gare af.** Slaan 32 ste oor en hekel op vlg 30 ste soos uiteengesit van ** tot **.

Hekel in laaste ry dié 2 dele aan mekaar vas. Knip gare af en werk netjies af. Voer sakdeel met roomkleur materiaal indien verkies.

Oranje sak MATE

Sowat 37 cm diep (sonder handvatsel) en 60 cm, rondom gemeet. Handvatsel is sowat 68 cm lank.

BENODIGDHEDE

Coats Knit Cro-Sheen nr. 5 (50 g-bolle): 4 bolle oranje, kleurnr. 0328; hekelpen van 2,50 mm of om by jou werk te pas.

SPANNING

26 lb en 11 rye = 10 x 10 cm

SAK

Beg met 8ks, gs in 1e ks om 'n

ring te vorm.

1e rondte: 3ks (vir 1e lb), 11lb in ring, sluit met gs in 3e van 3 beg-ks.

2e en vlg rondtes: Deurgaans lb, vermeer in elke rondte genoeg lb om werk rond en plat te hou. Beg en eindig elke rondte soos 1e rondte. Gaan so voort met vermeer tot daar aan einde van 13e rondte 160 lb is.

Hekel dan 12 rondtes aaneenlopend, sonder vermeer, maar let op waar elke rondte aaneenloop.

****1e gaatjiesrondte:** *6ks, slaan 2 ste oor, 1kb in vlg st, herh vanaf * rondom.

2e gaatjiesrondte: *6ks, 1kb in middel van 6ks-sp van vorige rondte; herh vanaf * rondom, eindig met 1kb in laaste sp – 53 sps.**

Vlg (digte) rondte: 3ks vir 1e lb, *3lb in vlg 6ks-sp; herh rondom, 160lb.

Hekel 7 rondtes op 160lb en herh dan van ** tot ** – 2e sierstrook voltooi.

Vlg 9 rondtes: deurgaans lb op 160 ste.

HANDVATSEL

Merk laaste rondte in 4 dele van 40lb elk.

***Hekel heen en weer in rye oor die eerste 40lb, en vermin vir handvatselforming deur elke ry met 3lb, tes afgewerk, te beg.

Gaan so voort tot 10 lb oorbly. Hekel 26 rye sonder vorming.

Knip gare af. ***

Slaan 40lb oor, en herh van *** tot ***.

Hekel in laaste ry dié 10lb van eerste helfte van handvatsel

aan laaste 10 lb vas. Knip gare af en werk netjies af.

Voering sak indien verkies.

Groen-en-blou lapsak

BENODIGDHEDE

2 stukke blou en 2 stukke groen materiaal van sowat 80 cm x 55 cm elk; bypassende masjiengare

MAAK SÓ

1. Vergroot diagram op bl. 75 volgens skaal en knip patroon uit. Knip 2 blou dele op vou en 2 groen dele op vou. (As jou materiaal baie sag is, versterk dit eers met vilene.)

2. Plaas 1 blou deel en 1 groen deel opmekaar, RK na binne. Stik sakdeel toe. Knip naattoelating kleiner en maak bostiksel sodat naattoelating na een kant vasgestik word. Herhaal met ander 2 dele.

3. Dop 1 sak om sodat RK buite is. Plaas dié sak binne in ander sak (met VK na buite). Begin stik aan bopunt van een handvatsel en stik tot punt van ander deel. Herhaal aan ander kant, maar begin en eindig sowat 10 cm van punte af. Knip nate kleiner, knip knippies in kurwes en dop sakke deur 1 handvat-seldeel om.

4. Plaas 2 rou rande opmekaar en stik naat. Pars en vou naattoelatings van deel van handvatsel wat nog oop is, na binne. Werk met glipsteke vas. Maak bostiksel reg rondom twee kante van sak.

foto Mariam Gillan; die twee gehekelde sakke is eksklusief vir Rooi Rose ontwerp en gehekel deur Marie von Benecke